

**26 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 7:4-72**

**Fokusgedeelte: Nehemia 7:4**

### **'n Stad sonder mense is geen stad nie**

'n Kerkgebou sonder mense is geen gemeente nie. 'n Stad met mure sonder inwoners is geen stad nie. Die hervestiging moes begin. Die Judeërs kon van die platteland af hulle intrek in die veilige stad neem.

Nehemia is deur God geleei om die inwoners te tel en in 'n familieregister op te neem. Wonderlik hoe georden die volk destyds reeds geleef het. Ou registers is gevind en nagegaan. Al die mense wat byna negentig jaar tevore onder Serubbabel teruggekeer het se name was volgens families, tuisdorpe, priesterfamilies, Leviete, tempelslawe en nakomelinge van Salomo opgeteken.

Waarom was die familieregisters so belangrik? Om vuis te maak teen die vyand? Nee, eerder omdat God sy verbondsvolk uit wie die Christus gebore sou word weer wou afsonder van die heidennasies, sodat in gehoorsaamheid aan God geleef kon word. Bloedafstamming was belangrik, maar veral diens aan die Here sou die deurslag gee. Daarom was die registers die begin van ordelike hervestiging.

Watter orde is daar in jou gemeente? Wyke word ingedeel, doopregisters en lidmaatregisters word gehou. Is dit net sinlose papierwerk? Nee, dit is die begin van orde in die gemeente sodat geestelike orde kan heers in toewyding aan God. Ook dít moet netjies en op datum wees. Selfs op die laaste dag sal die boeke oopgemaak word – ook die boek van die lewe (Open 20:12). Waar staan jou naam opgeteken?

Leef jy daarvolgens?

*Sing: Psalm 128:1,3*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*